### *Die stem van die Meester in die hart*

**147** Gedweë begeef hulle hulle nou na My toe en **die hoofman** vra vir My: "Meester, wat gaan nou gebeur? Dit lyk my dat U van plan is om iets te doen!?

[2] **Ek** sê: "Sien jy nie die pragtige môrerooi nie!? - Let almal op, want julle sal nou `n baie mooi sonsopkoms sien! Dit is weliswaar slegs die opgang van die natuurlike son, maar dit het tog `n diepe geestelike betekenis, wat vir julle duidelik moet word! Want nou ontmoet die een opgang die ander!"

[3] **Petrus** vra: "Meester, hoe moet ons dit opneem?"

[4] **Ek** sê: "O, hoe lank sal Ek julle nog moet verdra! Ons is nou tog al hoe lank by mekaar, en jy het nou nog nie opgemerk dat deur My `n son uit die hemele vir julle siel opgegaan het, en nog steeds van dag tot dag verder opgaan nie?!"

[5] **Petrus** sê: "Meester, wees nie kwaad daaroor nie. U weet tog dat ons baie eenvoudige mense is wat dit nooit verder gebring het as die lees van die noodsaaklikste wat voorgeskryf was nie! As ons U verstaan het, dan sou dit as `n onbedagsame vraag aangemerk kon word, maar ons verstaan nie wat U sê nie, en daarom het ons dit aan U gevra."

[6] **Ek** sê: "Dit sou wel goed gewees het as jy nie geweet het dat jy met My ook stil in jou hart kan praat nie. As jy dit egter wel geweet het, dan is nie die vraag self nie, maar die dom manier van vra `n fout, en slegs dit wil Ek by julle afkeur. Kyk eers hoe beide die Esseners en die groep fariseërs nou groot oë maak vir julle omdat julle My hardop iets gevra het, terwyl julle as hul meesters tog sou moes weet dat Ek elke ondervraer ook stil in die hart `n volledige antwoord kan gee!

[7] Weliswaar lê die oorsaak daarvan by julle nie in onkunde of eiesinnigheid nie, maar in julle ou gewoontes. Let egter in die vervolg tog meer daarop, sodat die mense kan sien dat julle regtig My leerlinge is, en julle voor die wêreld nie die agting verloor wat julle bowenal vir julle nuwe amp nodig het nie.

[8] Gaan nou maar na julle leerlinge toe en leer hulle dit, anders sal hulle julle begin vra wat en waarom julle My hardop gevra het!"

[9] **Petrus** sê: "Meester, mag ons dan nooit meer hardop met U praat nie?"

[10] **Ek** sê: "O ja, maar alles op sy tyd en wanneer Ek dit aantoon! - Maar gaan nou en doen wat Ek julle opgedra het!"

[11] Toe gaan **die leerlinge** na die twee Esseners en die groep fariseërs en sê aan hulle: "Verbaas julle nie daaroor dat ook ons die een of ander iets hardop vir die Meester vra nie, want ons is ook maar mense, en laat ons so nou en dan deur ons ou gewoontes lei!"

[12] **En beide Esseners** sê: "Dit het ons ook gedink, en ons het, soos wat julle ons geleer het, die Meester in ons harte dieselfde gevra en oombliklik het ons `n baie duidelike antwoord in ons hart gekry. Daarom het ons dit vreemd gevind dat julle dit hardop vra. Maar, soos wat gesê is, ons dink toe dadelik dat so iets by julle dikwels nog suiwer uit gewoonte kan gebeur en stel ons volkome daarmee tevrede. Ons het vannag sulke merkwaardige droomgesigte gehad soos wat ons, sover ons onsself kan herinner, nog nooit voorheen gehad het nie. En wat daarby die wonderbaarlikste is: elkeen van ons het presies dieselfde gedroom, en alles wat ons in die baie vreemde droom gesien het, is nou `n werklikheid! Nee, dit het nog nooit gebeur nie!

[13] Nou glo ons ook egter dat hierdie Násarener meer is as net `n volmaakte mens. Liggaamlik is Hy wel `n mens soos ons, maar in Sy innerlike en Sy Hart woon die totale goddelike Krag en Mag waaraan die hele oneindigheid gehoorsaam is! - Maar nou rig ons ons oë, soos wat Hy gesê het, op die sonsopgang om `n wonderwerk te sien!"

[14] **Petrus** sê: "Of daar nou juis `n spesiale wonderwerk te siene sal wees, weet ons nouliks, maar soos wat die met rooi lig omrande wolkies aan die verre horison voorspel, sal ons vanaf hierdie hoogte die mooiste skouspel van Elohim se skepping beleef, en daaruit sal ons die les kan leer dat ons siel dieselfde opgang ten deel geval het, wat vir ewig sal bly!"

[15] **Een van die Esseners** sê: "Ja, `n sonsopgang nie net vir ons nie, maar vir die hele aarde, ja, selfs vir die hele oneindigheid! **Want dit wil voorkom dat hierdie menswording van die allerhoogste goddelike Gees nie slegs hierdie aarde en haar skepsels raak nie, maar die hele oneindigheid!**

[16] Dat die goddelike Gees spesifiek hierdie aarde uitgekies het, is natuurlik `n onbegryplike saak vir ons gees, omdat Hy -soos wat ons nou weet - tallose ontelbare super glansryke ligwêrelde het waarop Hy Sy eie menswording met Homself kon uitgevoer het, maar Hy sal wel die beste weet waarom Hy nou juis die aarde uitgekies het!

[17] Vroeër, toe ons nog gedink het dat hierdie aarde die enigste wêreld in die hele universum was, sou dit baie goed verstaan gewees het, want toe sou daar binne die natuurlike patroon niks anders oorgebly het nie. Hierdie aarde was die enigste, volgens ons begrip, eindelose groot wêreld, waarvan die water tot aan die uitspansel gereik het, en ons het geglo dat die son, die maan en die sterre maar slegs daar was om met hulle lig hierdie wêreld te verlig! Maar nou het alles opeens `n heel ander aansig verkry. Ons weet nou wat al die sterre, die maan en die son is, en ons weet hoe klein hierdie aarde is vergeleke met `n sonne-aarde.

[18] Die vraag kom dan op: 'Waaraan het hierdie sandkorreltjie, die aarde genoem, hierdie genade te danke?' Helaas, hierdie vrae sal eendag nog baie belangrik word en baie sal hulle geweldig daarteen stamp! Daarom sou dit na ons mening nie baie oorbodig wees om ook oor hierdie aangeleentheid `n bevredigende verklaring te kry nie! - Wat dink julle, sou ons dit aan Hom mag vra?"

[19] **Petrus** sê: "Probeer dit in jou hart! As daar `n antwoord kom, dan is dit goed, kom daar geen verdere antwoord daarop nie, dan is dit `n teken dat ons nog nie ryp genoeg is vir dié les nie! - Maar kyk nou, die son is al vlak by die opgang, want die oggendwolkies straal al so sterk dat mens daar haas nie meer na kan kyk nie!"

[20] **Die Esseen** sê: "Ja werklik! O, dit is `n onbeskryflike mooi gesig! Maar sien julle nie dat daar iets bo die wolkies beweeg nie? Dit lyk byna of daar net bokant die wolkies besondere skitterende sterre heen en weer beweeg! Wat kan dit tog wees?"

[21] **Petrus** sê: "Wat dit presies is, sal waarskynlik net die Meester weet, maar ons vissers noem sulke verskynsels wat nie so seldsaam is nie,

'oggendvisse'. As dit sigbaar is, is dit goeie visweer, en teen die aand kom daar verseker `n onweer of minstens `n harde stormwind. Hoewel ek moet toegee dat ek self nog nooit sulke visse so helder en so lewendig gesien het nie. Die verskynsel is vir my nie vreemd nie, maar miskien is dit vanaf hierdie hoogte beter waarneembaar as onder!"

[22] **Die Esseen** sê: "Weet julle wat - laat ons nader aan die Meester gaan staan! Ek sien dat Hy met Ebahl en dié se kinders praat. Daar sal weer baie verklaar word; dit moet ons hoor!"

### *Die natuur en haar geestelike betekenis*

**148** Na die voorstel van die Esseen kom almal in My nabyheid staan en Ek roep beide Esseners en sê aan hulle dat hulle nou goed moet let op alles wat by die opgang te siene gaan wees, want daaruit sal baie geleer kan word!

[2] **Beide Esseners** staan nou nader aan My en sê: "Meester, Meester, dat daar oneindig baie daaruit te leer is, kan nou wel `n ewige waarheid wees, maar is ons siele wel geskik vir sulke hoë onderwys?! Ons kyk wel met gretige oë in die liggevulde dieptes van U wonderskepping in, en in ons harte verbaas ons onsself buitengewoon, maar ons is veels te blind om ook maar die wonder van `n doudruppel na waarde te skat en dit te verstaan, laat staan nog die wonders wat in onmeetbare grootte en afstande ligtend vir ons aan die uitspansel op- en ondergaan! Ook oor die heen en weer swewende ligpuntjies bo-oor die wolkies het ons al met Petrus gepraat, maar hy kon ons nie voldoende daaroor inlig nie. - As dit U wil is o Meester, sal U ons iets daaroor kan vertel!"

[3] **Ek** sê: "Dit het baie weinig betekenis en is `n baie natuurlike verskynsel, dit lyk soos `n matig golwende see. As die see golf en jy jou op die een of ander vaste punt bevind waar die gebroke sonnestrale tereg kom, sal jy `n soortgelyk ligspel sien.

[4] Die lug, wat vir die inaseming van mens en dier geskik is, reik nie tot aan die sterre nie, maar op die hoogste punt slegs tot só ver bo die aarde as vier maal die hoogte van hierdie berg, gereken vanaf die see. Op daardie hoogte is die aardse lug skerp begrens, net soos die water met lug, en het netsoos water daar eweas `n heel glansende, gladde oppervlakte, soos wat die see reëlmatig golf.

[5] As die lig van die son nou op hierdie genoemde luggolwe stuit, weerkaats dit net soos op `n waterspieël terug. Is daar hoë luggolwe, dan weerkaats dit die opgeneemde lig so nou en dan ook in die rigting van die aarde, en dit gebeur die maklikste as die son haar skynbaar nog onder die horison bevind, waarby haar strale in ‘n sekere sin van onderaf op die oppervlakte van die lugsee val. Daarom is hierdie opgewekte heen en weer swewende ligte niks anders as die weerskyning van die son nie, en hul beweeglikheid kom deur die luggolwe.

[6] Maar dat dit nou, terwyl die son nouliks nog `n handbreedte onder die horison staan, veral bo die baie helder wolkies te siene is, gebeur deurdat die luggolwe nou die lig van die reeds fel, deur die son beskynde wolkies opneem en daar in `n sekere sin mee stoei. - Wel, dit is die heel natuurlike verklaring van die verskynsel!

[7] Maar bowendien het die verskynsel ook `n geestelike betekenis, en in verstaanbare taal vir julle verstand is dit die volgende:

[8] Dink nou eers op hierdie manier aan die geestelike son! Die lig wat van haar uitgaan word deur die altyd golwende oppervlak van die geskape lewensee opgeneem, en dit speel met die lig, en daar ontstaan daardeur allerlei karikature, wat nog wel die matte lig afstraal, maar tewens elke spoortjie van die goddelike oervorm vernietig. Op soortgelyke wyse is die hele heidendom en nou ook Juda `n verwarring van al die suiwer goddelike.

[9] Maar wanneer julle `n kalm waterspieël sien waarin die son skyn, dan sal vanaf die waterspieël dieselfde majesteit en waarheid terug weerkaats word wat jy aan die hemel sien. En so het `n mens ook `n rustige hart nodig, vry van hartstogte, wat slegs deur algehele selfverloëning, nederigheid, geduld en suiwer liefde bereik kan word, sodat die ewebeeld van Elohim in die gees van die mens net so suiwer en waar teruggekaats sal word soos die aardse son deur `n rustige waterspieël.

[10] As `n mens sover is, dan het alles by hom waarheid geword, en dan is sy siel in staat om haar blik in die dieptes van Elohim se skepping te rig, en alles in die volheid van die suiwer waarheid te sien. Maar sodra dit in haar begin te golf, word alle oerbeelde vernietig en bevind die siel haar onvermydelik in die gebied van die bedrog en alle soorte en vorme van misleiding, en kan nie meer suiwer sien alvorens die volkome rus in Elohim in haar ingetree het nie.

[11] **En dit is die ware sabbatsrus in Elohim**, en daarom het Elohim die vier van die sabbat ingestel. Die mens moet hom dan weerhou van alle swaar inspannende arbeid, omdat elke swaar werk die siel noodsaak om haar kragte aan die liggaam te gee, wat haar dan prikkel. Dit bring die spieël van haar lewenswater in heftige beweging, waardeur sy die suiwer goddelike waarheid nie meer helder in haarself kan herken nie.

[12] Die egte sabbatsrus bestaan daarom uit `n verstandige weerhouding van alle swaar arbeid. Sonder noodsaak moet mens nie daaraan meedoen nie, maar in noodgevalle is elke mens verplig om sy broer te help.

[13] Maar meer nog as om hom van alle swaar arbeid te onthou, moet elke siel alle hartstogte uitban! Want die hartstogte is die storms in die siel, dit woel die lewenswater om, en Elohim se ewe-beeld word dan in die siel net so verskeurd soos die weerkaatsing van die son op die golwe van die see. Die beeld van die son skitter wel op die golwe, maar hoe verwarrend! En as die storm lank aanhou, styg daar weldra swaar dampe op uit die bewegende see en vul die lug van die sielehemel met donker wolke. Dit verhinder die lig van die geestelike son om die lewenswater van die siel te bereik, - en die siel word donker, kan nie meer die egte van die onegte onderskei nie, en beskou die begogeling van die hel as `n lig uit die hemel.

[14] Maar so `n siel is dan ook al byna verlore! Slegs as daar storms, dit wil sê swaar beproewinge van bo, sou opsteek, wat die kwade wolke in die siel sou verjaag, en as die siel daarna dadelik deur die hou van die ware sabbatsrus haar lewensee tot rus sou bring, dan sou sy gered kan word - maar nie andersins nie!

[15] Kyk, dit is die geestelike betekenis wat vir elkeen bruikbaar is, wat hierdie mooie sonsopgang deur haar uiterlike verskynsels vir ons wys! Wie dit toepas op homself, sal in die Waarheid en in die Lig bly, en die ewige lewe sal hom ten deel val; maar wie hierdie les in die wind sal slaan, en geen rekening daarmee hou nie, sal vir ewig sterwe!"